LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 2/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Splagchnizomai

Ons besef al meer en meer dat ons as mens is eintlik elke jaar onder permanente konstruksie is. Dink nie een van ons kan daarop staatmaak dat ons volmaak is nie. Ons moet wees soos Paulus skryf aan die Korintiërs. Ons word al hoe meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Dit is dan ook die oorsprong van ons tema van hierdie jaar, splagchnizomai. Agape is liefde, splagchnizomai, is wat gebeur as daar liefde is. Om tot in jou ingewande beweeg te word met omgee. Ons wil nie net omgee nie, ons moet mense wees wat eerstens die nood raaksien, vandaar moet dit liefde in ons binneste wek, daarna is daar 'n aksie om die nood aan te spreek. Hierdie kan iets eenvoudig wees soos om 'n persoon aan te raak, 'n oor om te luister waar daar hartseer is, geselskap in 'n oomblik van eensaamheid. Dink aan die barmhartige Samaritaan, hy het innig jammer gekry en die beseerde versorg. Die verlore seun se pa, kry hom innig jammer en hardloop hom tegemoed met sy tuiskoms. Jesus kry die melaatse of die weduwee van Nain jammer en raak die melaatse of die dooie aan om genesing te skenk. Hierdie is een van die sterkste uitdrukkings in die Bybel om emosie uit te druk. Mag ons as personeel, kinders en ouers gereeld hieroor gesels. Mag ons onsself gereëld toets aan hierdie maatstaf. Ons besef ons faal soms, maar ons moet altyd weer probeer om meer en meer aan die beeld van Christus gelyk te word.

## Goegieland – Skeidingsangs by Kleuters: Wenke & Riglyne

Skeidingsangs is 'n normale ontwikkelingstadium waardeur baie kinders gaan, veral wanneer hulle met kleuterskool begin. Dit gebeur wanneer kinders onseker of angstig voel oor die afwesigheid van hul ouers. Hierdie gevoel kan wissel van ligte ongemak tot intense vrees. Dit is belangrik om te verstaan dat dit 'n natuurlike reaksie is en dat kinders met die regte ondersteuning kan leer om dit te oorkom.

**Tekens van skeidingsangs:**

- Huil of klou aan ouers tydens afskeid.
- Fisiese simptome soos maagpyn of hoofpyn.
- Weiering om skool toe te gaan.
- Vrees dat iets slegs met ouers kan gebeur.

**Wenke om skeidingsangs te hanteer:**

1. Skep 'n vaste roetine. Kinders voel veilig met voorspelbaarheid en roetine. Hou by 'n gereelde oggendroetine en wees betyds by die skool.
2. Maak afskeid kort en liefdevol. Probeer lang afskeidsrituele vermy. Sê vir jou kind jy sal hulle later kom haal, gee 'n drukkie en vertrek met selfvertroue
3. Wees konsekwent. Maak seker jy kom jou belofte na om jou kind op die beloofde tyd op te laai. Dit help om vertroue te bou.
4. Berei jou kind voor. Praat vooraf oor wat om by die skool te verwag. Verduidelik wie daar sal wees en watter aktiwiteite hulle kan geniet.
5. Gee hulle 'n troos. 'n Rooi lipstiffie soen op 'n handjie verrig wondere. Maak 'n hartjie met 'n speldjie aan die maat se klere vas en sê bv. "Elke keer as jy na Mamma/Pappa verlang kan jy die lippies op jou handjie soen of die hartjie vryf en mamma/ pappa sal dit voel by die werk".

Vervolg Bl. 2

**29 Januarie 2025**
**Skoolsaal – 17:30**

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

### Knipmesbraai & Veiling

| | |
|---|---|
| **Ingesluit:** | Spitbraai & bykosse word voorsien |
| **Bring saam:** | Eie knipmes, eetgerei, slaai & drinkgoed |
| **RSVP:** | 27 Januarie 2025 |
| **Koste:** | R175 |



Saam met
**Pieter Möller**

Voltooi die Google Form-skakel om te bespreek. Betaling kan op die skakel gedoen word of by die skoolkantoor. Betaling bevestig bespreking.

Kontak gerus vir Johan Naudé, by 076 996 4899 vir meer inligting

**Knipmesbraai Google-Vorm**

## Week se Program

### 27 Januarie 2025

- **Mini-netbal Ouervergadering o/6 tot o/9, 18:00 in skoolsaal**

### 29 Januarie 2025

- **Atletiek Hoëveldgroep te Stadion**

### 31 Januarie 2025

- **Atletiek te LS Standerton**

## VERLORE DAGBOEKE

**Verlore dagboeke wat vervang moet word, se koste beloop R100. Betaal by die voog of kassiere.**

6. Moedig selfstandigheid aan. Laat jou kind klein take by die huis aanpak. Dit versterk hul selfvertroue en help hulle om minder afhanklik van jou te wees. Dit sluit ook in om kinders toe te laat om hul eie tassie te dra en self in te loop en mamma of pappa se hand vas te hou.
7. Wees geduldig. Dit kan tyd neem voordat jou kind gemaklik voel. Bly kalm en ondersteunend.
8. Kommunikeer met die onderwyser. Werk saam met die onderwyser om 'n plan te hê wat jou kind help om aan te pas.

Skeidingsangs mag aanvanklik uitdagend wees, maar met liefde, geduld en konsekwente ondersteuning kan kinders geleidelik selfvertroue ontwikkel

Laastens herinner ons u aan ons eerste pretdag (Trek aan soos die eerste letter van jou naam) soos geskeduleer op die kwartaalprogram vir 31 Januarie 2025.

Groete uit Goegieland

## Kwartaal op dreef

Week twee van die kwartaal is verby en ons is mooi op spoed om hierdie kwartaal te geniet. Ons glo en vertrou ons nuwe maats het mooi aangepas en die maats wat reeds bekend is met die skool voel weer tuis.

## Nuwe Personeel

Ons verwelkom graag die nuwe personeel by ons Goedehoop-familie!

| | | |
|---|---|---|
| Ineke Olivier | - | Graad 000 (Kuikentjieklas) |
| Stefan van Deventer | - | Student |
| Bowen Bezuidenhout | - | Student |
| Pieter van Niekerk | - | Graad 4 |
| Danika du Preez | - | Student |












## Verkeer rondom Goedehoop

Ons besef die verkeer is 'n uitdaging rondom die skool met die pad wat nog nie na die uitgrawings herstel is nie. Ons is op 'n gereelde basis in kommunikasie om hierdie probleem so spoedig moontlik te probeer oplos. Indien u oor enige kontakte beskik om hierdie proses te versnel moet asseblief nie huiwer om die skoolkantoor te kontak nie.




| 27 Jan | 28 Jan | 29 Jan | 30 Jan | 31 Jan | 1 Feb | 2 Feb |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Johandré Liebenberg<br>Jayden Ferreira<br>Leander Erasmus | Nathan Prinsloo<br>Madison Steyn | | | Lily-Ann Saayman | Michael v Niekerk<br>Alexi Wendelstadt<br>Johan du Plessis<br>Chaé Cohen |

# Skoolklere

Die ou skooldrag is uitgefaseer en ons herinner dat slegs die nuwe mooi-mooi's gedra mag word. Die netheid van ons kinders is belangrik, nie net vir die skool nie, maar ook vir elke kind se selfwaarde. Kinders moet netjies wees, skoon gewas en skoon aangetrek wees. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om daarna om te sien. Wanneer hierdie beginsels nie nagekom word nie, sal die betrokkenis aangespreek word. Neem asseblief kennis van die nuwe reëlings rondom die klerebank.

# Klerebank

Graag bring ons die volgende onder u aandag. Die klerebank gaan nie meer tydens die klerewinkeltye beskikbaar wees nie. Indien u 'n behoefte het om van die klerebank gebruik te maak, is daar 2 opsies beskikbaar.

**Opsie 1:** Skakel vir Heather Viljoen (Kassiere) by (017) 634 7722 om 'n afspraak te maak.

**Opsie 2:** Skryf 'n briefie in u kind se dagboek. U kind neem die dagboek na tannie Heather toe en sy sal 'n gepaste tyd met u kind afspreek.

Dankie vir u samewerking!

# Drama

Ons gaan volgende week aan met ons oudisies, alle nuwe leerders is welkom om te kom. Leerders moet vir die oudisie 'n gedramatiseerde gedig (gedig met bewegings) voorberei. Ons kyk tydens die oudisies onder andere na stemgebruik (verskillende stemme, geluide), stem kwaliteit (hard en duidelik) en verhooggebruik. Die oudisies gaan volgende week in die Leeutjie-klas plaasvind, om leerders meer ophul gemak te plaas, die verhoog is soms oorweldiggend vir ons jonger maats.

Die oudisies vind plaas op:

| | | |
|---|---|---|
| 28 Januarie 2025 | Graad 0 tot 2 | 15:00 tot 17:30 |
| 30 Januarie 2025 | Laaste drama oudisies | 14:30 tot 17:30 |

Die Skakel!

**DRAMA GOOGLE VORM**

As leerders belangstel moet die volgende Google-vorm voltooi word, voor 12:00 op die dag van die betrokke oudisie, om toestemming te gee. Enige navrae kan ook op die skakel ingevul word. Juf. Elize sal met u in kontak kom om die navrae te beantwoord. Druk asseblief op die skakel hierbo om na die Google-vorm te gaan. ONS SIEN BAIE UIT DAARNA OM JULLE BY DIE OUDISIE TE SIEN!

# d6

d6 Connect is die hoof kommunikasievorm wat by Laerskool Goedehoop gebruik word. Kommunikasie soos die Omsendbrief en belangrike skrywes uit die kantoor word hier geplaas. Die kwartaalprogram is onder die kalender beskikbaar. 'n Skakel is aan u gestuur om d6 Connect op u slimfoon af te laai. Sou u verkies om die toep reeds af te laai kan die volgende stappe gevolg word:

- Gaan op u foon na Google Playstore/Apple Store.
- Soek d6 Connect – dit is 'n swart blokkie met d6 in wit geskryf.
- Installeer die toep.
- Maak d6 Connect op u foon oop.
- Voltooi u selfoonnommer.
- 'n "one time pin (OTP)" word na u selnommer gestuur.
- Die d6 Connect-toep gaan u versoek om 'n wagwoord op te stel.
- Installasie is voltooi.




# Dankbaarheid

DANKBAARHEID - Ons is so dankbaar dat ons kan lewe om te speel! In 'n skool te kan wees waar ons kan leer en dat ons gebore is uit Christus.

# Redenaars

Dis 'n nuwe jaar en van die redenaars is reeds besig om te oefen. As daar ENIGE oud of nuwe leerders is wat graag wil deelneem aan redenaars kom gee jou naam op by Juffrou Carlia in T16. Alle informasie sal dan deurgegee word. Redenaars is uitstekend vir selfvertroue, redenering en die beste is....dit maak klaspraatjies makliker! Kom sê jou sê en maak jou standpunt duidelik!

# Dans

Dis 'n nuwe jaar en ons begin sommer vroeg al oefen. Ons wil graag die Graad 1-maats nooi, en al die ander wat graag wil leer dans, om te kom en lekker saam te dans. Ons begin Dinsdag, 28 Januarie 2025. Reëlings sal op die Whatsapp-groep deurgegee word en daarom nooi ons alle ouers wie se kinders dans of wil dans uit om die groep te "join", klik gerus op die skakel. Tye is beskikbaar op die kalender, ons oefen Dinsdae & Donderdae in die saal. Eerste week kan ouers kom loer, maar daarna verkies ons dat ouers buite wag, kinders se fokus is dan net beter.

**Dans**
**Whatsapp-groep**

# Atletiek

Tydens Laerskool Goedehoop se Interhuis, wat plaasgevind het op Vrydag, 17 Januarie 2025 te Secunda Stadion, het die volgende rekords behoorlik gespat!

Luhandré Cronje - Seuns o/7 400m
Mason v Jaarsveld - Seuns o/8 60m, 80m & 600m
Handré Carstens - Seuns o/8 80m
Marelie Koch - Dogters o/9 600m
Rori Mokheseng - Seuns o/8 600m
Leandri J v Rensburg - Dogters o/9 600m
Zanri Lotz - Dogters o/9 600m
Louis Stander - Seuns o/8 600m
Arlu Greeff - Seuns o/8 60m, 80m & 600m
Mia-nè Smit - Dogters o/9 600m
Jason Stratford - Seuns o/11 Verspring
Jeandré Oosthuizen - Seuns o/12 Gewigstoot



# Klein-Maar-Getrain (Mini-Netbal)

Ons nooi graag die o/6- tot o/9-dogters se ouers uit na die ouervergadering wat gehou sal word op Maandag, 27 Januarie 2025 om 18:00 in die skoolsaal. Die doel van die vergadering is om die program vir die seisoen met u te deel. Voorseisoen vir die ouderdom o/7 tot o/9 begin op Maandag, 3 Februarie 2025.

Die dae en oefentye vir die 1ste kwartaal is soos volg:

**Maandae:** 13:45 tot 14:45
**Donderdae:** 13:45 tot 14:45

In die 2de kwartaal sal die oefening op 'n Maandag, Dinsdag en Donderdag wees. Tye sal deurgegee word.

**Datums van klinieke is soos volg:**

| | | |
|---|---|---|
| o/9 | 10 Februarie 2025 | 14:00 tot 15:30 |
| | 11 Februarie 2025 | 14:00 tot 15:30 |
| o/8 | 17 Februarie 2025 | 13:30 tot 14:45 |
| | 18 Februarie 2025 | 14:00 tot 15:30 |
| o/7 | 24 Februarie 2025 | 13:30 tot 14:45 |
| | 25 Februarie 2025 | 14:00 tot 15:15 |

Kostes beloop R150/dogter en almal is welkom om dit by te woon. In die 2de kwartaal sal datums vir die o/6-dogters deurgegee word.

# Netbal

Graag nooi ons die o/10- tot o/13-dogters uit na die netbal voorseisoen. Ons begin Maandag, 27 Januarie 2025.

Oefentye is soos volg:

Maandae: 16:00 tot 17:00
Dinsdae: 16:00 tot 17:00
Donderdae: 16:00 tot 17:00

Onthou asseblief jou hoed, sonroom en tekkies. Sien netbalskrywe, uitgegee op Vrydag, 24 Januarie 2025, rakende die proewe en inligting rondom afrigters.

# Skaak

Ons is opgewonde omte sien watter skuiwe ons skaakspelers gaan maak hierdie jaar! Almal wat belangstel om skaak te speel kan van volgende week af 'n inskrywingsvorm by Juffrou Bytjie (Juffrou Marie-Louis) gaan afhaal in T19 of by Juffrou Carin in K26. Oefening begin op 3 Februarie 2025 vir die beginners en 5 Februarie 2025 vir meer ervare spelers. Sien asseblief d6 of die kwartaalprogram vir die tye, dae en lokale waar oefening sal plaasvind. Sonder 'n skeurstrokie gaan u kind nie kan deelneem nie. Spring dus vinnig, aantal plekke is beperk.

# WhatsApp-Groepe

Goedehoop maak van Whatsapp Kommunikasiegroepe gebruik om belangrike inligting uit die kantoor soos bv. 'n sportoefening wat uitreën, te deel. So verseker ons dat u as ouer dadelik op hoogte is van belangrike inligting wat uitgestuur word. Hierdie nommer sal slegs beskikbaar wees om kommunikasie uit die skoolkantoor met u te deel en vervang nie die lynfunksies van die skool of algemene navrae nie. Kommunikasie soos die Nuusbrief, Kwartaalprogram en belangrike skrywes uit die kantoor word hier geplaas. Die selnommer word nie konstant gemonitor nie en daarom vra ons dat u steeds die landlyn ((017) 634 7722) sal gebruik vir navrae en om afsprake te reël. Hierdie Whatsapp-groep vervang nie die klasgroepe wat by Gr. 000 tot 3 gebruik word nie. Neem asseblief kennis dat daar nie amptelike LS Goedehoop klasgroepe is vir Gr. 4 tot 7 nie. Indien u nog nie op u kind se betrokke kommunikasiegroep is nie, klik gerus op u betrokke kind(ers) se graad om deel te word.

Graad 000 Graad 00 Graad 0

Graad 1 Graad 2 Graad 3 LSEN

Graad 4 Graad 5 Graad 6 Graad 7

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

# Aanlynklerewinkel

## Dis so maklik soos... 123

- Besoek die skool se webblad

**www.laerskoolgoedehoop.co.za**

- Kliek op die klerewinkelskakel




- Kliek op die item en kies die grootte







- Volg die skakel vir veilige betaling